# Geseënd is die wat die boek Openbaring lees, hoor en bewaar!

**Donderdag 15 September 2022**

**<u>Lees</u>: <u>Open 1:3</u> '53** "**Salig is** hy wat die woorde van die **profesie lees**, en die wat **dit hoor** en **bewaar** wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby."

**<u>Open 1:3</u> '83** "**Geseënd is** die een wat die woorde van hierdie profesie **lees,** en die mense wat dit **hoor** en wat **ter harte neem** wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby."

As ons die boek Openbaring lees, trouens die hele Bybel moet ons eintlik in verwondering neerslaan soos Daniël en Johannes. (Dan 10:7-10; Open 1:17) Dit is omdat ons hier met die Woord van God self te doen het. Johannes skryf hier aan ons dat alle mense wat hierdie woorde lees, hoor bewaar of ter harte neem sal geseënd wees.

**Die belofte van seën of saligheid of geseënd**, as ons die boek Openbaring lees. **DIE SEëN** waarvan hier gepraat word is sonder twyfel die erfenis of die ontvangs of binnegaan of erf van die ewige lewe. Dit gaan letterlik gebeur met die wederkoms. Hierdie ryke seën se inhoud wat ons gaan beërf word vir ons beskryf in **<u>1 Petr 1:3-5</u>** …

"3 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop

4 op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.

5 En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word."

**Hiedie seënwens gee dat elkeen wat glo, is werklik uitermate geseënd, salig of gelukkig**. Want jy weet jy weet wat vir jou wag, dit is om by God self te wees in die hemele.

**As ons na die wêreldgeskiedenis kyk** dan sien ons wonderlike ontwikkelinge en vooruitgang op aarde, paaie, stede, motors, vliegtuie, geboue…wonderlike nuwe ontwikkelings op kulturele en materiële gebied, maar die geestelike, morele, etiese waardes gaan al meer en meer en vinniger agteruit. Mense steur hulle al minder en minder aan God en sy gebod. Elke oorlog word net erger en erger

Maar daar is juis 'n belofte dat as ons die Boek van Openbaring en natuurlik die hele volledige Bybel lees en daarna luister, dan sal ons geseënd wees.

**Die lees dui in die Bybelse tyd op die "voorlees" van die boek of die Bybel in die gemeente.** Dit was vroeg in die kerkgeskiedenis alreeds die gebruik dat by die samekomste van gelowiges, ons kan ook sê by die eredienste, dat daar voorgelees word uit die Bybel. Die Bybel en die boek Openbaring moet dus gelees word, **WANT** die eindtyd is naby. Juis daarom moet met groter aandag geluister word en met toewyding gehoorsaamheid aan God geskied.

Hierdie belofte is ook nie vir almal nie, maar in besonder vir die wat werklik erns maak met die Here en natuurlik met die **Lees, Hoor en Bewaring** van die Woord.

- God se seën is vir al sy kinders.
- God se seën is vir almal wat Hom opreg dien en vrees en aanbid.

Daarom hoor ons die boek **geestelik, maw met ‘n geloofsoor en hart.**

**Daarom bewaar ons hierdie woorde in ons harte.** Dit is om dit jou eie te maak. Maar dit beteken ook meer, dit is nie net lees en hoor nie, maar dit beteken ook om dit aktief daadwerklik in jou hart te bewaar en gehoorsaam te wees aan God.
Dit is om biddend, opreg, in diepe afhanlikheid jou lewe elke dag te wil verander om al meer en meer aan God gehoorsaam te wees en die sondige, verkeerde ou lewe af te skud.

**Om dit ter harte te neem, of te bewaar,** beteken dat ons nie nuuskieig, op ‘n akademise vlak na die boek moet kyk nie, maar dat ons dit moet bestudeer as die openbaring van God aan ons. Ons moet nie Openbaring lees en hoor bloot as ‘n akademise boek wat voorspellings maak oor die toekoms nie. Ons moet nie Openbaring lees asof dit so ‘n moeilike boek is wat net geheimenisse aan ons openbaar nie, nee ons moet die boek lees en in ons hande neem met dankbaarheid, verwondering as ‘n Troosboek en ook as God self wat met ons praat.

Ons moet nie nie in Jesus Christus glo nie, maar ons moet ook bereid wees om twv sy soenverdienste aan die kruis vir Hom te ly en swaar te kry.

- Ons kan nie God en Mammon dien nie. (Mat 6:24)
- Ons kan net God alleen dien deur Jesus Christus onder leiding van die Heilige Gees.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***